

Tuis / Bedrywe / Diere

## Veearts-strategie help om brucellose te bekamp

Deur Gerrit Bezuidenhout | 01 Maart 2021 | 178 keer gelees



Meer as duisend nuwe gevalle van brucellose is die afgelope vyf jaar by die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling aangemeld.

Dr. Alicia Cloete, staatsveearts verbonde aan die departement, het in 'n gesprek tussen die nasionale dieregesondheidsforum en die Landboukrywers SA gesê om van die siekte ontslae te raak, gaan 'n gesamentlike poging van alle belanghebbendes binne die veebedryf verg. Dit sluit inenting, opleiding, toetsing, slag, dierebewegingsbeheer en die toepassing van al die stappe in.

Om dit reg te kry sal die Suid-Afrikaanse veeartsenykundige strategie 'n sleutelrol moet speel. Suid-Afrikaners moet beter toegang tot veeartsenykundige dienste hê en die diere-identifikasie-en-naspourbaarheidstelsel in Suid-Afrika (Litsa) moet in werking gestel moet word. Boonop gaan dit verg dat die huidige laboratoriumkapasiteit uitgebrei moet word vir alle aanmeldbare siektes en entstofproduksie vir hierdie siektes moet doeltreffender wees.

Die aanmelding en verwerking van siekte-inligting op 'n sentrale databasis sal heelwat tyd bespaar en help met die bekamping van onder meer brucellose.

Cloete het gesê die verantwoordelikheid val egter nie net op veeartsenykundige dienste nie, maar ook op die eienaars van hierdie diere wat moet sorg dat hul diere gesond is.

Produsente moet weet wat hul kudde se brucellosestatus en die verse in hierdie kuddes tussen die ouderdom van vier tot agt maande, volgens wet, inent. Hulle moet ook slegs vee aankoop wat negatief getoets het vir brucellose. Verpligte toetse vir brucellose in kuddes gaan in die toekoms nodig wees om die siekte verder te beheer, terwyl beter beheer oor die verskuiwing van hierdie diere uitgeoefen moet word.

Volgens Cloete moet slagprosedures gestandaardiseer word om veiligheid te verseker en om gevalle van brucellose vinniger van plase af te verwyder. Uiteindelik sal die hele beleid toepasbaar, kostedoeltreffend en volhoubaar moet wees. Dit gaan egter tyd kos en die deelname van al die belanghebbendes in die veebedryf verg om die siekte uit te wis.